



Hoe Lombardy Landgoed en Gesondheidspa verander hoe ons lewe

Prominente besigheidspersoonlikhede Pieter en Anneliesa Grobler het hoë standaarde wanneer dit kom by hulle lewenstyl. As eienaars van die luukse en bekende *House of Hair* haarsalonne in Pretoria, het hulle al wyd gereis en het hulle 'n redelike idee oor hoe hulle graag wil lewe. Eerstens moet dit 'n sekere skoonheidswaarde besit – soos alles in hulle lewens. Daar moet spasie wees om te kan asem haal, naby aan die natuur. Maar meer belangrik moet dit draai rondom 'n sekere lewenstyl – iets wat hulle gekry het by die Lombardy Landgoed en Gesondheidspa.

Om mee te begin was dit die argitektuur wat hulle aandag getrek het. 'In Pretoria is dit absoluut uniek,' sê Pieter. 'In styl, kwaliteit, spasie en ontwerp. Plus die omgewing maak dit selfs nog meer privaat en met hope meer spasie.' Hy verwys na die klassieke 'Prairie' styl van meester argitek Frank Lloyd Wright.

As argitek van sulke ikoniese geboue soos die Guggenheim Museum in New York, speel Frank Lloyd Wright met eenvoudige horisontale en vertikale lyne. Dit skep 'n styl wat heeltemal verskillend is van enige iets anders in jou buurt, is al die 'Grondslag van Modernisme' genoem en is vandag nog steeds so innoverend as wat dit was aan die begin van die vorige eeu.

Toe die huiseienaars in Lombardy gevra is hoekom hulle hier gekoop het en nêrens anders nie, was die antwoord altyd dieselfde: Die argitektuur. Die spasie. Die lewenstyl. In daardie volgorde. Alhoewel meeste van hulle verskeie huise regoor die wêreld besit, is die Lombardy Landgoed waar hulle verkies om te woon.

Dit is 'n baie spesifieke persoon wat in Lombardy bly. Hulle het 'n sekere plek in hulle lewens bereik waar hulle voel dat hulle verdien om te lewe met luukseheid, saam met die natuur en met inspirasie. Mense soos besigheidsman Leo Haese, eiendomsontwikkelaar van

luukse huise Danie Crous, suksesvolle in- en uitvoerder Marius van Schalkwyk en eienaar van *Moffat Creations* Albert Moffat. Die meeste van hulle het meer as een eiendom in Lombardy gekoop. 'Om 'n huis in Lombardy Landgoed te koop is in 'n sekere mate 'n status-belegging,' sê Danie Crous. 'Die styl en ontwerp van die huise laat enige iets anders in die omgewing redelik vaal lyk.'

Vir hierdie huiseienaars is dit 'n belegging wat gerugsteun word deur 'n internasionale konglomeraat – Die Kharafi Groep – wat ook die ontwikkelaar is van die suksesvolle Oubaaï Gholflandgoed in Heroldsbai.

Natuurlik het hulle nie net daar gekoop as gevolg van die argitektuur nie, maar ook oor die spasie en lewenstyl. Amper 100 hektaar ontwerperstuine, water en inheemse plante en diere op hulle deurdrumpels tesame met eiendomsposisionering wat privaatheid beklemtoon dra by tot die unieke argitektuur.

Groot oop spasie aan die binnekant wat lei tot die buitelewe is vir hulle almal belangrik. Die gevoel is organies – om saam met die natuur te leef, omring deur vloeiende water en deel te hê aan al die ander voordele wat Lombardy bied. 'n 5-Ster boutique hotel en konferensiesentrum, tegnologiese gevorderde sekuriteitsstelsel, uitgebreide groen spasies deurlopend en 'n gesondheidspa onder beheer van *Spas of Distinction* wat in 2011 sal oopmaak dra net by tot die eksklusiwiteit.

Met die samewerking van internasionale argitekte WATG en bekroonde plaaslike argitek firmas SAOTA en QTS Argitekte, is die spasie aan die binnekant ontwerp as vloeiend en oop om jou lewenstyl te komplimenteer.

As 'n gemeenskap is Lombardy besig om te groei. Vir die meeste van hierdie jong professionele mense en besigheidsleiers is die argitektuur en lewenstyl net so belangrik soos hulle bure – mense wat die voordele verstaan van lewe met styl en spasie. Dit is hoe ons almal graag wil lewe. By Lombardy Landgoed kan jy nou.



Vir meer informasie oor die boutique huise tot 364m² groot en eiendomme tot 1950m² groot wat nog beskikbaar is in die Lombardy Landgoed, skakel asseblief vir Colette Schönborn op 082 457 5818, Donovan Lallyett op 082 940 9265, Ronél van der Linde op 082 787 9138 of epos info@lombardystate.co.za



LOMBARDY
ESTATE & HEALTH SPA

www.lombardystate.co.za